**27 Julie**
**Skrifgedeelte: Titus 2:11-15**
**Fokusgedeelte: Titus 2:14**

**Sy eiendom (1)**

Wat beteken dit presies om God se “eie volk” te wees? Dit gaan daarom dat Christus ons met sy bloed op die slawemark gekoop het, en dat ons nou uitsluitlik net aan God alleen behoort,
Die woordjie *eie* kom eintlik van twee Griekse woorde, naamlik *peri* (dit beteken “rondom”, “soos ‘n sirkel”) en *ousios* (dit beteken “om te wees”). Ons kan die betekenisinhoud voorstel deur ‘n sirkel met ‘n punt in die middel. As gelowiges is ons die punt in die middel. Die omtrek van die sirkel omkring die punt binne-in die sirkel volledig, want dit lê 360 grade reg rondom die punt. Die sirkel lê dus geheel en al beslag op die punt. So lê God in sy liefde geheel en al beslag op sy gelowiges, sy volk. God is soos ‘n sirkel reg rondom sy gelowiges. Ps 34:8 sê: “Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle.” Dit is die sirkel met die punt binne-in. Ps 125:2 lui: “Soos die berge Jerusalem aan alle kante beskerm, so beskerm die Here sy volk, nou en vir altyd.” Hier het ons dieselfde gedagte. Ps. 139:5 spreek dié vertroue uit: “U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.” Telkens word ons verseker van God se liefde wat ons soos ‘n sirkel reg rondom omring. Ons is veilig binne-in die sirkel. Die plek van die punt binne-in die sirkel is ‘n plek van absolute veiligheid, sekerheid, sekuriteit en geborgenheid.
*Sing: Psalm 100:2 Ds MP Harris (Witbank Suidoos)*